Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER

CANDIDATE NUMBER

*0810638709*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2023**

**2 hours**

You must answer on the question paper.

No additional materials are needed.

**INSTRUCTIONS**
- Answer **all** questions.
- Use a black or dark blue pen.
- Write your name, centre number and candidate number in the boxes at the top of the page.
- Write your answer to each question in the space provided.
- Do **not** use an erasable pen or correction fluid.
- Do **not** write on any bar codes.
- Dictionaries are **not** allowed.

**INFORMATION**
- The total mark for this paper is 70.
- The number of marks for each question or part question is shown in brackets [ ].

This document has **20** pages. Any blank pages are indicated.

DC (CE/CT) 310007/2
© UCLES 2023

**Oefening 1**

Lees die inligting oor drie bordspeletjies. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Bordspeletjies van Afrika

**Mankala** is 'n baie ou bordspeletjie.

**Content removed due to copyright restrictions.**

Jy kan senet aanlyn koop en dit op jou foon aflaai.

Uit: https://www.thesprucecrafts.com

**1** Wat het ’n mens nodig om mankala te speel, behalwe ’n bord?

.......................................................................................................................................... [1]

**2** Watter deel van die mankalaborde is anders in verskillende lande?

.......................................................................................................................................... [1]

**3** Van watter speletjie is daar ’n weergawe buite Afrika?

.......................................................................................................................................... [1]

**4** Wat kan jy doen nadat jy ’n ry van drie koeie in morabaraba gevorm het?

.......................................................................................................................................... [1]

**5** Noem **twee** ooreenkomste tussen waar voorbeelde van mankala en senet gevind is.

**(i)** .................................................................................................................................. [1]

**(ii)** .................................................................................................................................. [1]

**6** Waar kan ’n mens morabaraba en die ander twee speletjies koop?

**(i)** Morabaraba: .................................................................................................................. [1]

**(ii)** Mankala en senet: ........................................................................................................ [1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2023

**Oefening 2**

Die departement van gesondheid wil inligting insamel oor wat tieners doen om fiks te bly. Lees die inligting oor Estelle Britz en vul die res van die vorm wat volg namens Estelle in.

Estelle Britz is op 10 Julie 2007 gebore. Haar adres is Parkstraat 7, Groendal, 7070. Haar huistelefoonnommer is 025 436 8932 en haar selfoonnommer is 091 548 9921. Haar e-posadres is estellebritz@mymail.com.

Estelle is in graad 11 aan die Hoërskool Groendal. Haar skool se adres is Dalstraat 10, Groendal, 7070.

Dit is vir Estelle belangrik om fiks te wees. Sy neem in die somer en in die winter aan skoolsport deel, maar volg ook haar eie oefenprogram buite die skool.

Die soorte skoolsport waaraan sy gereeld deelneem, is tennis en hokkie. Daar is altyd kompetisie tussen Estelle en haar tweelingsuster Tessa, wat vir die eerste netbalspan speel. Verder is Estelle ook ’n reserwe vir die basketbalspan, wat haar elke nou en dan nodig het.

Buite die skool swem Estelle graag regdeur die jaar. Sy gaan ook elke week na ’n jogaklas, terwyl Tessa dit verkies om pilates te doen. Naweke neem die hele gesin dikwels aan ’n pretdraf deel. Dit is hulle ma se droom dat haar dogters, soos sy, gimnastiek moet doen, maar Estelle kan nie dit in haar besige program inpas nie.

Omdat Estelle eendag ’n onderwyseres wil wees en heeldag met mense gaan werk, wil sy na skool liewer aan individuele sport as spansport deelneem om fiks te bly.

7

## Tieners en fiksheid-opname

*Vul asseblief die vorm in.*

Naam: Estelle Britz

Naam van skool: .................................................. Graad: 11

Persoonlike besonderhede:

- Geboortedatum: ..................................................
- Adres: Parkstraat 7, Groendal, 7070
- Selfoonnommer: 091 548 9921
- E-posadres: ..................................................

Vul die nodige inligting in of maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s):

- Is dit vir jou belangrik om fiks te wees? Ja ☑ Nee ☐
- Indien "Ja", neem jy aan skoolsport deel? Ja ☑ Nee ☐
- Aan watter skoolsport(e) neem jy deel?

  Atletiek ☐ Hokkie ☐ Netbal ☐ Swem ☐

  Ander ..................................................
- Aktiwiteite wat jy buite die skool doen om fiks te bly:

  Swem

  ..................................................

  ..................................................
- Hoe sal jy fiks wil bly nadat jy die skool verlaat het?

  ..................................................

  ..................................................

[9]

© UCLES 2023

**Oefening 3**

Lees die teks oor ’n jazz-akademie en voltooi dan die aantekeninge wat volg.

## Jazz-akademie help die jeug

Bonteheuwel is gereeld in die nuus omdat daar soveel misdaad en bendegeweld is. Dit maak dat baie jongmense óf net in hul huise wil bly óf by bendes aansluit. In die gemeenskap is daar egter mense en organisasies wat die uitwerking van misdaad en dwelms wil teenwerk. Dit is ook die Jazz-akademie se doel.

Die akademie het nou 60 kinders wat elke Saterdag musiekklasse daar bywoon – in goeie en slegte weer. Die klasse word deur vrywilligers gegee: oudstudente van die akademie, musiekonderwysers en plaaslike musikante. Dan is daar ook die ouers en oumas en oupas wat op ander maniere by die akademie help. Die gemeenskap help ook deur musiekinstrumente aan hulle te skenk.

“Daar is soveel belangstelling dat ons dikwels kinders moet wegwys. Kinders uit ander woongebiede stroom ook hierheen om ons klasse by te woon,” vertel Jill, een van die akademie se stigterslede.

Die 12-jarige Josh en die 17-jarige Tarryn is twee tieners wat die klasse bywoon. Josh vertel dat hy op driejarige ouderdom begin sing het en dat hy die musiekteorie interessant vind. “Jazz is my gunsteling-genre en die ekstra lesse hier leer my dissipline. Ek geniet dit,” sê hy.

Tarryn sê sy hou van alle soorte musiek. “Ek wou nog altyd leer kitaar speel en ek het vier jaar gelede begin. Die mense hier is soos my familie. Dis lekker om hier te wees,” vertel sy.

Jude was ’n student aan die akademie toe hulle begin het. Hy werk nou as ’n suksesvolle klankingenieur, maar glo dit is belangrik om terug te kom en aan die studente en die gemeenskap terug te gee. Jude maak elke Saterdag tyd om studente te leer en te help waar hy kan. “Die studente is baie gretig om te leer en is toegewyd aan die akademie. Die kinders werk hard. Hoekom is dit so belangrik? Die musiekklasse hou kinders van die strate af, weg van die bendes af. Dit hou die kinders veilig, weg van die geweld af,” sê hy.

Die sangonderwyser, Lynda, sê dit was vir haar ’n verrassing om by die akademie te begin klasgee. “Dit is ongelooflik om vir die kinders klas te gee en te sien hoe honger hulle is om te leer. Dit gee my soveel hoop vir die toekoms as ek sien hoe vol entoesiasme hulle is,” sê sy.

Twee van die akademie se studente is gekeur om volgende jaar by die universiteit se musiekskool te studeer. Dit maak Elly Jacobs baie trots. Elly se seun speel kitaar en sy is elke Saterdag hier om te help waar sy kan. “Die akademie is soos ’n familie vir ons almal. Hulle het al soveel vir ons en die gemeenskap gedoen.”

Ouma Annie Moses sê sy help met administratiewe werk. “Die akademie help nie net ons gemeenskap nie, maar ook my kleinkinders. Die kinders word baie goed geleer, maar dit hou hulle ook van die strate af en uit die moeilikheid. Musiek kan vir hulle baie deure oopmaak.”

Hoogtepunte tot dusver sluit in toe koningin Silvia van Swede die akademie gekies het om voor haar op te tree. Die musiekwinkel Allegro het die akademie ook gevra om tydens hul 100ste verjaardagviering te speel.

Die voorsitter van die akademie sê: “Musiek bring nie net mense bymekaar nie, dit help kinders ook met hul akademiese werk. Die afgelope paar jaar het ons gesien hoe kinders akademies verbeter het. Ek glo dat dit nie net daaroor gaan om hulle van die straat af te hou nie, maar om hulle die lewensvaardighede te gee om eendag suksesvol te wees.”

Uit: *Vrye Weekblad*, 20 Desember 2019

Jy gaan 'n praatjie oor die Jazz-akademie in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**8** Vrywilligers wat klasse by die Jazz-akademie gee:

- Oudstudente
- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]

**9** Bewyse van hoe gewild die Jazz-akademie is:

- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]
- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]
- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]

**10** Hoe dit wat die studente by die akademie doen, hulle ook buite die skool help:

- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]
- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]
- ..............................................................................................................................

  ........................................................................................................................ [1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2023

**Oefening 4**

**11** Gebruik die teks oor die Jazz-akademie en skryf ’n opsomming van die positiewe rol wat dit in die gemeenskap speel. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet een paragraaf lank wees en nie meer as **80** woorde nie.

Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [5]

**BLAAI OM VIR OEFENING 5**

© UCLES 2023 

**Oefening 5**

**12** ’n Leerder by jou skool het onlangs iets gedoen wat jy regtig bewonder en ’n groot indruk op jou gemaak het. Skryf ’n brief aan ’n maat waarin jy vertel wat gebeur het.

Jou brief moet tussen **150 en 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te beskryf:

- wie die leerder is en wat hy of sy gedoen het
- waarom jy bewonder wat die leerder gedoen het
- die positiewe gevolge van wat hy of sy gedoen het.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou brief en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

© UCLES 2023

........................................................................................................................................................................ [15]

© UCLES 2023 

**Oefening 6**

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Graffiti-kunstenaar nommer 1

Falko One, die internasionale graffiti-kunstenaar, skilder al byna vier dekades lank.

**Content removed due to copyright restrictions.**

**Content removed due to copyright restrictions.**

"Al wat jy nodig het om iemand te word, is 'n kannetjie spuitverf."

Uit: *Netwerk24*, 6 April 2017

**13** Wanneer sal Falko ophou werk?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**14** Hoe het Falko armer gemeenskappe gehelp?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**15** Wat maak die olifante wat Falko skilder spesiaal?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**16** Waarom wil Falko altyd 'n positiewe boodskap met sy werk oordra?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**17** Verduidelik watter uitwerking 'n Falko-kunswerk volgens Heidi Isaacs op 'n gemeenskap het.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

**18** Watter rol het grafitti-kuns vir Falko in sy skooldae gespeel?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**19** Hoe weet ons dat Falko se ou skool sy kuns nog steeds bewonder?

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

**20** Verduidelik hoe Falko se houding sedert sy jong dae verander het.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

[Totaal: 10]

© UCLES 2023

**BLAAI OM VIR OEFENING 7**

© UCLES 2023

**[Turn over**

**Oefening 7**

**21** Daar is voorgestel dat hoërskole glad nie meer sport aanbied nie. Lees die volgende reaksies op die voorstel:

> “Dis ’n goeie plan – ek wil kies watter sport ek doen en wanneer ek dit doen.”
>
> “Nee, sport is ’n belangrike deel van ons opvoeding. Ons moet gebalanseerd lewe.”
>
> “Ons almal sal meer op ons akademiese werk kan konsentreer. Dis tog hoekom ons op skool is!”
>
> “As jy sport vir jou skool speel, maak dit jou lojaal teenoor jou skool.”
>
> “Onderwysers sal meer op hulle voorbereiding vir lesse kan konsentreer.”
>
> “Te veel kinders gaan lui en ongesond word as hulle nie sport by die skool speel nie.”

Skryf ’n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die voorstel gee.

Jou artikel moet tussen **200 en 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou artikel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

© UCLES 2023 

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.................................................................................................................................. [15]

© UCLES 2023

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.